

GEEN SAKREKENAAR MAG IN HIERDIE OEFENING GEBRUIK WORD NIE!

- (1) 24 is 'n gemeenskaplike veelvoud van twee getalle. Die produk van die twee getalle is 32. Wat is die twee getalle?

$$F_{24} = \{1; 2; 3; 4; 6; 8; 12; 24\}$$

* 24 is 'n veelvoud van al bg. getalle

* Die enigste 2 faktore met 'n produk van 32 is 4 en 8. $\therefore$ Die getalle is 4 en 8.

- (2) Die vierkantswortel van 'n sekere getal is dieselfde as dubbel die vierkant van 2. Wat is die getal?

Vierkant van 2 is 4. Dubbel die vierkant is 8.

Die vierkantswortel is dus 8.

$\therefore$ Die getal is 64 want $\sqrt{64} = 8$

- (3) $2^3 \cdot 3^2$ is die priemfaktore van M. Watter getal is M?

$$\therefore M = 2^3 \cdot 3^2 = 8 \times 9$$

$$\therefore M = 72$$

- (4) Is die volgende bewerings waar of vals?

- (a) Alle natuurlike getalle is ook telgetalle?

Waar, want $\mathbb{N} = \{1; 2; 3; 4; \dots\}$ en $\mathbb{N}_0 = \{0; 1; 2; \dots\}$

- (b) Die grootste veelvoud van 12 is 144.

Vals, want 12 se veelvoude gaan tot oneindig.

- (c) Die faktore van 9 is 1; 3 en 9.

Waar

- (d) 15 is 'n saamgestelde getal.

Waar, want 15 het meer as 2 faktore
nl. 1, 3, 5 en 15

- (e) Die KGV van 12 en 15 is 3.

Vals, want 3 is nie 'n veelvoud van 12 of 15 nie
3 is wel die GGF van 12 en 15.

- (f) $((2)^2)^2 = (2)^4$

Waar, want $((2)^2)^2 = (4)^2 = 16$ en $(2)^4 = 16$

- (5) (a) Die temperatuur is 3°C . Dit styg deur die dag met 7°C en daal dan daarna weer met 11°C . Wat is die temperatuur nou?

$$\begin{aligned}\text{Resultaat} &= 3^{\circ}\text{C} \overset{\text{styg}}{+} 7^{\circ}\text{C} \overset{\text{daal}}{-} 11^{\circ}\text{C} \\ &= 10^{\circ}\text{C} - 11^{\circ}\text{C} \\ &= -1^{\circ}\text{C}\end{aligned}$$

- (b) Jy skuld jou ma R40. Jy leen egter weer 'n verdere R35 voordat jy R70 terugbetaal nadat jy sakgeld verdien het. Is al jou skulde by jou ma vereffen? Indien nie, hoeveel skuld jy haar nog?

$$\begin{aligned}&\overset{\text{skuld}}{-} R40 \overset{\text{leen}}{-} R35 \overset{\text{Trg bt.}}{+} R70 \\ &= -R75 + R70 \\ &= -R5 \quad \therefore \text{Jy skuld haar nog R5}\end{aligned}$$

- (6) As $\sqrt{121 + x} = 13$, bepaal die waarde van x .

$$\begin{aligned}\text{maar } \sqrt{169} &= 13 \\ \therefore 121 + x &= 169 \\ \therefore x &= 169 - 121 \\ x &= 48\end{aligned}$$